

Skriflesing: Rigters 15Teks: **Rigters 15: 16-19**Sing- **VOORAF SANG- Ps. 36:3****TYDENS EREDIENS- Ps. 48:4; Ps. 51:2; Ps. 25:1,5; Ps. 42:3,7****Rigters 15**

Jdg 15:1 Maar 'n tyd daarna het Simson in die dae van die koringoes sy vrou besoek met 'n bokkie en gesê: Laat ek na my vrou in die kamer ingaan; maar haar vader het hom nie toegelaat om in te gaan nie.

Jdg 15:2 En haar vader het gesê: Ek het vir seker gedink dat jy niks om haar gee nie; daarom het ek haar aan jou metgesel gegee; is haar jonger suster nie mooier as sy nie? Laat sy tog joue word in haar plek.

Jdg 15:3 Maar Simson het vir hulle gesê: Hierdie keer is ek onskuldig teenoor die Filistyne as ek hulle kwaad aandoen.

Jdg 15:4 Toe gaan Simson weg en vang drie honderd jakkalse; en hy neem fakkels en draai stert teen stert, en sit 'n fakkel in die middel tussen elke twee sterte in;

Jdg 15:5 en hy steek die fakkels aan die brand en los hulle in die ongesnyde graan van die Filistyne; en hy het die miede sowel as die ongesnyde graan en die wingerde en olyfbome aan die brand gestee.

Jdg 15:6 Toe vra die Filistyne: Wie het dit gedoen? En hulle sê: Simson, die skoonseun van die Timniet, omdat dié sy vrou geneem en haar aan sy metgesel gegee het. En die Filistyne het opgetrek en haar en haar vader se huis met vuur verbrand.

Jdg 15:7 Daarop sê Simson vir hulle: As julle so maak, sal ek sekerlik nie rus voordat ek my op julle gewreek het nie.

Jdg 15:8 En hy het hulle lendelam geslaan, 'n groot slag. En hy het afgegaan en gebly in die rotskloof van Etam.

Jdg 15:9 Toe trek die Filistyne nader en slaan laer op in Juda en sprei hulleself uit by Legi.

Jdg 15:10 En die manne van Juda vra: Waarom het julle teen ons opgetrek? En hulle sê: Ons het opgetrek om Simson te bind, om aan hom te doen soos hy aan ons gedoen het.

Jdg 15:11 Daarop trek drie duisend man uit Juda af na die rotskloof van Etam en vra vir Simson: Weet jy nie dat die Filistyne oor ons heers nie, en wat het jy ons nou aangedoen? En hy sê aan hulle: Soos hulle aan my gedoen het, so het ek aan hulle gedoen.

Jdg 15:12 Toe sê hulle vir hom: Ons het afgekom om jou te bind, om jou oor te gee in die hand van die Filistyne. En Simson sê aan hulle: Sweer vir my dat julle nie self op my sal aanval nie.

Jdg 15:13 En hulle antwoord hom: Nee, ons sal jou net vasbind en oorgee in hulle hand, maar doodmaak sal ons jou stellig nie. Daarop bind hulle hom vas met twee nuwe toue en bring hom op uit die rots.

Jdg 15:14 Toe hy tot by Legi kom, juig die Filistyne hom tegemoet; maar die Gees van die HERE het oor hom vaardig geword, en die toue wat aan sy arms was, het geword soos linnedrade wat in die vuur brand, en sy bande het versmelt van sy hande af.

Jdg 15:15 En hy het 'n vars eselskakebeen gevind en sy hand uitgesteek en dit geneem en daar duisend man mee verslaan.

Jdg 15:16 En Simson het gesê: Met 'n eselskakebeen het ek een klomp, twee klompe, met 'n eselskakebeen het ek duisend man verslaan.

Jdg 15:17 En toe hy klaar gespreek het, gooi hy die kakebeen uit sy hand en noem dié plek Kakebeenshoogte.

Jdg 15:18 Daarop kry hy baie dors en roep die HERE aan en sê: U het deur die hand van u kneg hierdie groot verlossing gegee, en moet ek nou van dors sterwe en in die hand van die onbesnedenes val?

Jdg 15:19 Toe kloof God die holte wat by Legi is, en daar kom water uit; en hy het gedrink, en sy gees het teruggekom, en hy het weer opgelewe. Daarom noem hulle dit Roepersfontein, wat vandag nog by Legi is.

Jdg 15:20 En hy het Israel gerig in die dae van die Filistyne, twintig jaar lank.

Skriflesing: Rigters 15Teks: **Rigters 15: 16-19**Sing- **VOORAF SANG- Ps. 36:3****TYDENS EREDIENS- Ps. 48:4; Ps. 51:2; Ps. 25:1,5; Ps. 42:3,7**

Geliefdes in ons Here Jesus Christus, wanneer ons as kerke vandag gehoor gee aan die oproep tot

'n dag van verootmoediging dan is dit wat eerste moet gebeur, wat word hiermee bedoel? Wat

betekenaar ootmoed. Die woord *ootmoed* kom in sy direkte vorm so 2X in die Bybel voor.

Een keer in die Ou Testament en een keer in die Nuwe Testament. Eers Psalm 45 vers 5 staan die woord vir ootmoed as עָנָוָה (*anavah*) waar dit duidelik gaan om die Here se heerlikheid. Ander vertalings sien dit in die konteks van die Here se oorwinning. Daar is 'n stryd wat aangeknoop moet word ter wille van die oorwinning, ter wille van die heerlikheid van God. 'n Stryd wat alleen in waarheid, in ootmoed en in geregtigheid gestry kan word. So moet ons hierdie oproep tot die stryd aanhoor waar God ons wil roep tot magtige dae.

God wil sy magtige dae deur ons uitvoer maar dan moet ons in ootmoed voor Hom kom staan. Hierdie ootmoed sluit in dat ons deur omstandighede kan gaan wat vir ons kleinmaak voor die Here, iets van 'n vernedering wat ons beleef. Presies is dit waarom die dag van verootmoediging ook uitgaan van ons as kerke dat ons beleef 'n pandemie in die wêreld. Dit is wel vernederend wat plaasvind, 'n pandemie so omvangryk waar ons voor die Here erken, ons kan onself nie help nie. U alleen wat die Here is, U alleen kan ons help.

As ons na die woord ootmoed in die Nuwe Testament nagaan, dan lees ons dit in 1 Pet.5:5- waar dit daarop neerkom ons almal moet met ootmoed beklee wees, ook in onderdanigheid aan mekaar. In die Grieks is die woord vir ootmoed 'n lang en moeilike woord- ταπεινοφροσύνη *tapeinophrosunē*. In Kolossense 3 vers 12 kom dieselfde Griekse woord voor maar dan word dit gewoon vertaal as om nederig te wees. Om in ootmoed voor die Here vandag te kom staan het in alles daarmee te make dat ons in nederigheid voor die Here moet kom staan. Dit dui 'n besondere benadering aan. Dit is 'n nederigheid sonder enige arrogansie. Ja dis duidelik iets moreel-eties waarvolgens jy jou gedrag daarby gaan aanpas. In dieselfde 1 Pet. 5 vers 5 lees ons, ek lees uit die BDV - *God weerstaan hoogmoediges maar aan nederiges gee Hy genade.*

Daarom geliefdes as ons op hierdie dag ons voor die Here verootmoedig dan het dit alles daarmee te make dat ons van onself minder sal dink en van God baie meer sal dink. Dit gaan om Sy grootheid en Sy heerlikheid. Dit gaan duidelik om 'n begrip van ons eie kleinheid en afhanklikheid voor die Here. So besef ons vandag en dit sê so baie dinge dat as ons in ootmoed vóór die Here staan dan word ons klein, ons kom om ons afhanklikheid voor die Here te bely, om jou skuld te erken, om openlik te verklaar dat alleen die Here my kan help. Dis waar ons vandag ook uit die Here se Woord uit Rigters 15 gelees het. Simson het deur twee direk

opeenvolgende fases deur sy lewe gegaan, ja dit sou baie tragies gewees het as alles by fase 1 gestop het, of soos ons in die tyd nou al daaraan gewoon moes raak, dinge gaan deur verskillende vlakke. Dit sou tragies gewees het as Simson by vlak 1 stilgestaan het. Vlak 1 is waar Simson nie in ootmoed voor die Here staan nie, maar in oormoed. Vlak 2 is waar hy ook moes kom by ware ootmoed. Eerste dan –

Simson se oormoed en die tragiese daarvan:

Ons ken Simson as die kragman. In Rigters 15 sien ons hom by Legi optree. Daar is 'n verskriklike stryd tussen Simson en die Filistyne wat al vir lank aan die opbou was, maar op daardie dag het dit by Legi breekpunt bereik. Eers word Simson se aanstaande vrou op slinkse wyse van hom weggeneem en aan sy strooijonker gegee. Daarna word die vrou wat hy sou kon neem, haar pa en sy dogter word aan die brand gestee. Simson se eie mense, hulle uit die stam van Juda het hom verraderlik aan die Filistyne oorgelewer.

Teen die tyd was Simson al 'n bewese kragman. Hy wat 'n leeu met sy kaal hande kon doodmaak, sterk nuwe toue kon hy breek asof dit garing draadjies was, hy ruk stadspoorte uit en stap daarmee weg, ja hoeveel Filistyne het hy nie doodgemaak nie. So lank was die Filistyne al daarop uit om hom in hulle mag te kry. Hierdie dag by Legi het hulle gedink nou het ons hom. Ons het so lank vir hierdie dag gewag. Tog is dit die dag wat ons Simson in sy oormoed ook weer heeltemal oorboord sien gaan.

Hy was so dikwels geseënd gewees met krag onmenslik groot, dit wat die Here hom skenk as sy Gees oor hom vaardig geword het. Dan doen Simson dinge wat geen mens jou kan indink nie. Die klomp jakkalse aanmekargeknoop en met brandende fakkels die geknoopte sterte deurgesteek jaag hy hulle die Filistyne se graanlande in. Dit alles gebeur vooraf, tot sy eie volk hom dan aan die Filistyne uitlewer, vasgebind aan hulle oorgegee sou so baie gedink het nou is dit verby met hom. Tog gebeur dit heel anders. Op die moment wat hy oorgelewer was, sy eie mense het hom nie wou teregstel nie, maar tog kruip hulle ootmoedig voor hulle vyande, 'n heel verkeerde ootmoed aan die afspeel.

Dan wag Simson wanneer hy tussen die groot getal van die vyande ingebring word, ja die Filistyne juig, maar weer op daardie moment breek hy die toue om hom vas te maak soos

linnedrade wat in die vuur brand, dit versmelt van sy hande af. Dan gryp Simson die naaste wapen wat hy in die hande kon kry, 'n vars donkie kakebeen en begin die Filistyne af te maai. Hy slaan 'n duisend van hulle dood.

En dan breek die oomblik aan waar Simson nie in oormoed nie, maar veel eerder in ootmoed voor die Here moes kom staan het. Maar nee, die man roem in homself, in sy eie krag, in sy eie heldhaftige oormoed. Ons lees hierdie oormoed in vv 16-17 in die BDV ... *Met die kakebeen van 'n donkie lê daar 'n hoop, twee hope. Met die kakebeen van 'n donkie het ek duisend man verslaan.* Ons hoor sy selfroem, sy selfverheffing. Ja, ons weet Simson was benewens sy kragtalent 'n man wat sy taal kon bemeester. Hy het graag digterlik gepraat. Hy wat graag gespeel het met raaisels waarin sy taal fyn aangewend word. Dink maar aan sy fyn uitgewerkte raaisel daar op 'n huwelik in die begin van sy optrede. Nou weer hierdie lied wat hy digterlik dit stel dat met die kakebeen van 'n donkie het ek hopies van die Filistyne gemaak. Ja, Simson speel in Hebreeus met fyn woordspeling waar daar pragtige klank verwante is tussen “ophoop” en “donkie”. Ja, as ons sy lied dan meer letterlik kan vertaal om die digterlike daarvan te beklemtoon dan kan ons hom hoor sing- *Met 'n donkie se kakebeen het ek hulle opgehoop, gedweë soos donkies het hulle op 'n hoop geval.*

Wat hierdie lied nog meer aangrypend maak is dat ons dit kan lees as 'n verwerking van 'n baie ouer lied, nog deur Moses gedig en gesing. Ons lees Moses se lied in Deut. 32:30- 30 *Hoe kan een dan duisend agtervolg en twee tienduisend op die vlug jaag... , was dit nie dat hul Steenrots hulle verkoop en die HERE hulle oorgelewer het nie!* Ja, Moses praat van hoe een man eintlik baie moeilik duisend kan agtervolg en twee laat baie moeilik tienduisende vlug ... Moses besef ons menslike swakhede, hy wat so met sy tong gesukkel het, gehakkel het, maar pragtige ootmoedige gedagtes verwoord het. Moses sê alleen die Here kan ons daarin laat slaag. Pragtig profeteer Moses van die Christus as hy hom noem, die Steenrots wat deur mense verkoop is en dan is hulle deur die Here oorgelewer. Tog is daar 'n groot verskil tussen wat Moses gesing het en dit wat Simson ons nou laat hoor. Simson laat God se eer nie na vore kom nie. Hy spog met wat hy bereik het. Daar is geen eer aan God wat hom die oorwinning geskenk het nie.

Simson gaan nog verder, daar in Legi gee hy hierdie plek 'n nuwe naam. Kakebeenshoogte. Hy vernoem eintlik sy krag en sy moed. Weereens oormoed, want sou hy wou hê dat geslagte na hom, as hulle by hierdie plek kom dan moet hulle aan hom dink. Dan moet hulle na hierdie hoogte verwys as hoe sterk en hoe groot Simson se optrede hier was.

Geliefdes as ons op hierdie dag Simson so oormoedig van homself hoor praat, so oormoedig sy prestasies en krag besing, dan besef ons hy praat nie net homself na nie, die wêreld word nagepraat. Die wêreld wat in sy ekonomieë en in sy vaardighede en in sy industrieë en in sy tegnologieë merkwaardige dinge kon bereik. So baie het gedink ons wêreld se wiele is darem glad geolie, alles loop goed, so baie mense het net geld nagejaag, dit was net te voorspoedig, totdat hierdie onsigbare klein virussie op die wêreldtoneel verskyn het. Niemand sien dit nie, dit is dodelik taai, dit byt vas, dit hou ons vas. Wêreldmarkte tuimel ineen. Dit maak dood. Mense maak hulle huise ontoeganklik met die gedagte as ek mense kan uithou kan ek ook die dodelike kiem uithou. As Simson selfvoldaan die kakebeen eenkant gooi, selfvoldaan die plek benoem na sy prestasie, dan is dit asof hy in sy eie roem, in sy eie oormoed sommer in dieselfde tyd verstik. Want direk na sy oormoed kom dit wat vandag vir ons ook moet uitstaan-

Simson word tot ootmoed gedwing:

Dit gebeur baie gou. Dit gebeur met wat ons as mense so nodig het, water, water waarsonder niks en niemand kan lewe nie. Maak nie saak hoe sterk ons is, hoe vindingryk, hoe slim, hoeveel prestasies en grade ons agter ons naam mag plaas nie. Die magtige held van weleer smag van dors. Dit bring hom tot ootmoed. Die baie “ekke” wat hy so kon opstapel moet plek maak vir wat ootmoed moet wees. Vers 18 klink darem baie meer ootmoedig as die oormoed van vv 16-17. *18 Daarop kry hy baie dors en roep die HERE aan en sê: U het deur die hand van u kneg hierdie groot verlossing gegee, en moet ek nou van dors sterwe en in die hand van die onbesnedenes val?* Hy kom tot die erkenning dat alleen die Here se hand hom die oorwinning kon gee. Alleen God kan verlossing skenk, dit wat Simson heeltemal tereg noem as hy praat van die groot verlossing. Ons vandag, inderdaad kan ons nie anders as om ootmoedig voor die Here te bely, die verlossing ons geskenk is die grootste wat daar ooit nog kon wees.

In Jesus Christus moet ons hierdie dag klein word voor die Here. Ons erken in nederigheid dat alleen die Here is die Een voor Wie ons ook vandag moet kom en die Here dank vir sy groot

verlossing. Maar ons ootmoed is op hierdie Pinkstersondag tot die verdere besef gebring dat die Heilige Gees, Hy wat 10 dae na die hemelvaart ten volle uitgestort is, Hy moet my bring van Kakebeenshoogte, wat nie Kakebeenshoogte mag bly, maar wat moet word – Roepersfontein. In ons moet Hy ons in hierdie dae laat besef en ons roep dit uit, alleen God kan ook weer die gelaat van die aarde verander. Alleen die Here kan die pandemie doodsmoor, dit wat geen mens en geen wetenskap sal kan regkry, as God se hand en God se genade nie die laboratoriums in die ontwikkeling van 'n teenmiddel daartoe in staat stel nie. Ons kom by ons eie Roepersfontein waar ons die Here om hulp kan roep. In en deur Christus, deur sy Heilige Gees by ons teenwoordig, ja die Gees ten volle oor ons uitgestort, gaan dit nie net oor die oopkloof van 'n holte waar water kon uitkom en Simson sy verskriklike dors kon les nie, maar laat dit wat ons lees dat Simson se eie gees het tot hom teruggekom, nie maar net gaan oor ons eie gees nie.

Ons moet ons in die ware Gees van God, in die Heilige Gees moet ons roepe en ons sugtinge en ons gebede vandag weerklink. As daar gevra word, bid vir ons, die owerheid het dit gevra, dat dit vandag moet gebeur. Dan bid ons nie saam met die tydsgees en die wêreldgees wat maak asof almal se sugtinge nou maar moet weerklink, ongeag tot watter god daar gebid word nie. As hierdie owerheid van hierdie land nie in Christus hulle verootmoedig nie, moet hulle weet dit is geen verootmoediging wat plaasvind nie. Dit kan geen ware gebed wees wat gebid word as dit nie in en deur Christus weerklink nie. Ons roep dan ootmoedig in Christus deur die werk van sy Heilige Gees vandag die hemelse Vader aan, hoor ons tog in ons nood. Wees die kinders naby wat so hard en so swaar en so seer deur hierdie dae moet gaan. Bewaar ons van 'n gees van vreesagtigheid en mag dit wees dat wanneer ons gees tot ons terugkeer, dit eintlik niks anders sal wees as bekering nie. Ons erken voor die Here ons, ja ek het al sovele kere so swaar en so baie keer teen die Here oortree. Mag Hy ons tog vergewe, mag Hy ons help, mag ons hoor wat sy gebooie is in dae wat mense in hulle eie Kakebeenshoogtes vasgekeer geraak het, dis hulle ware grendels in grendeltyd, in plaas van om te kom by die roepe van Roepersfontein wat ons alleen die Here om hulp kan roep. Om hulp vir hierdie pandemie, om hulp vir u eie nood, wat mag insluit ons gebied wat 'n winter moet ingaan en ons weet kos, genoeg kos vir ons diere is daar nie. So baie plekke het dit nie genoeg gereën nie, ja mag die aarde ook daar my in sy holtes seën, ja dat water mag kom op plekke en tye wat ek dit nie oor kon verwag nie. Hoeveel van ons plase se naam moet eintlik die weerklink wees van Roepersfontein. AMEN